ONS NUUSBRIEF

GEREFORMEERDE KERK BLOEMFONTEIN-NOORD

08 NOVEMBER 2026 **Nr 45**

Predikant:	***Ds Kobus Botha***	**Skriba/**	***Pieter du Plessis***
	051 436 2930/082 410 7447	**Koster:**	**082 570 1804**
Orrelis:	***Louri Coetzee***	**Kerkkantoor:**	**051 436 2932/082 570 1804**
	083 776 6989	**Kantoorure:**	**Per afspraak**
Diakonie:	**Voorsitter: *Muller Heyns***	**Posadres:**	**Posbus 28182, DANHOF 9310**
	072 469 7778	**E-posadres**	**kantoor@gkbfnnoord.co.za**
Susters:	**Voorsitter: *Ester Botha***	**Webwerf:**	**www.gkbfnnoord.co.za**
	072 784 9451	**Facebook:**	**https://web.facebook.com/gkbfnnoord**
Katkisasie:	***Karien van Rooyen***	**Kassier:**	***Mariza Mosca***
	079 888 8910		**082 405 8565**
Lesotho Uitreik/	***Kerkkantoor***	**Kerk:**	**ABSA (632005) Tjekrek no 1570 340 065**
Evangelisasie:	**082 570 1804**	**Diakonie:**	**ABSA (632005) Tjekrek no 0470 280 026**
Zapper-kode vir kerklike bydraes:		**Sustershulpdiens:**	**ABSA (632005) Tjekrek no 0470 341 769 of CAPITEC (470010) Tjekrek no 260 552 7731**

VERJAARSDAE

Die volgende lidmate verjaar gedurende hierdie week. Baie hartlik geluk! Ontvang ons allerbeste seënwense vir die nuwe lewensjaar!

08 Nov: Br Johan Bezuidenhout	082 374 7769	11 Nov: Diak Henda van der Linde	084 451 0656
08 Nov: Stephan van der Walt	082 300 9085	13 Nov: Br Lionel Fook	083 262 0156
09 Nov: Sr Dornay Janse van Rensburg	082 335 5124	14 Nov: Sr Wilmien du Plessis	072 323 6568
10 Nov: Sr Truida Klopper	083 232 0305		

KATKISASIE EN TEEBEDIENING

Terwyl die katkisasieklasse vir die voorskoolse en laerskool-kinders en die Gr 8 leerders aan die gang is, sal daar weer teebediening in die *Wikus Vorster Saal* wees waarheen almal van harte uitgenooi word. Dit is die beurt van wyk ***Dealeweg*** en alhoewel daar nie tans 'n ouderling in die wyk is nie, vertrou ons dat die betrokke lidmate behulpsaam sal wees en bedank ons hulle byvoorbaat. Volgende week kom wyk ***Woodlands*** aan die beurt.

KOLLEKTES

Die kollekte onder die erediens word soos gewoonlik opgeneem vir die Diakonie se ***Kas van Barmhartigheid*** terwyl die kollekte by die deure bestem is vir die GKSA se ***Deputate Jeugsorg.***

ONS DINK AAN…

- ***Diak Francois en sr Marinel Potgieter*** met die afsterwe van Francois se vader, ***ds Theunis Potgieter,*** emerituspredikant van die *GK Port-Elizabeth,* op 02 November 2026 in die ouderdom van 70 jaar. Ds Potgieter was vanaf 1998 tot 2008 predikant van ons gemeente waarna hy die beroep na Port-Elizabeth aanvaar het waar hy in 2022 geëmeriteer het. Ons dink ook in besonder aan ***sr Elna*** en die ander kinders en kleinkonders en bid dat ons Hemelse Vader hulle almal ryklik sal vertroos en sal versterk in hierdie tyd van beproewing.
- ***Br Stephan Kruger*** van Nardusstraat wat Maandag opgeneem word in Rosepark vir mediese toetse nadat hy 'n ligte beroerte gekry het. Ons bid hom en ***sr Evelene*** die nabyheid van die Here toe.

GEMEENTE-ETE NA NAGMAAL

Op Sondag, 22 November 2026, vier ons DV die Sakrament van die Heilige Nagmaal. Soos gebruiklik, bied die Susters ook weer 'n Gemeente-ete om 11:30 in die *Wikus Vorster Saal* aan. Die koste beloop R60 vir volwassenes en hoërskool-kinders en R40 vir laerskoolkinders, terwyl dit gratis is vir voorskoolse kinders. Almal word hartlik uitgenooi om dit by te woon – bring net asseblief u eie eetgerei en drinkgoed saam. Diegene wat die ete wil bywoon, moet asseblief hulle name op die BLOU vorm in die voorportaal aanbring. Die geld kan in die bussie gemerk Sustersbydrae in die voorportaal geplaas word of in hulle rekening by *Absa (632005), rekeningnommer 0470 341 769* inbetaal word met u naam en "ete" as verwysing. Betalings kan ook tydens die ete gemaak word.

KERSSANGDIENS

Die jaarlikse Kerssangdiens sal vanjaar DV op Sondagaand, 29 November 2026, om 18:00 in ons kerkgebou gehou word. Lidmate kan nou al u vriende hiervan vertel, want dit is altyd 'n spesiale geleentheid wat deur ons orrelis, ***br Louri Coetzee***, gereël word en waarmee hy baie moeite doen!

GEMEENTEBOU

Gemeentebou bestaan nie net uit woordverkondiging nie. Daar is baie aspekte van gemeentebou. Boustene is onder andere [1]gemeenskap van gelowiges en [2]diens aan mekaar. Daar is bestaande aksies en nuwe aksies in ons gemeente wat ons graag onder u aandag wil bring.

Gemeentebou aksies:

1. *Ekstra Wiskunde klasse : Geert Mosca – 082 826 3378*
    a. Enige kind in ons gemeente is welkom om gratis wiskunde klas te neem op Vrydae – kontak gerus vir Geert om 'n afspraak te maak.
2. *Gemeenskap projek - Beudene (gestremdes):*
   Nerina Venter – 082 884 4465
    a. Woordverkondiging en gewyde sang op Donderdae.
3. *Gemeenskapsprojek - Sewe Damme (bejaardes):*
   Nerina Venter – 082 884 4465
    a. Besoek bejaardes, speel speletjies en spandeer tyd saam met die mense.
4. *Koor : Louri Coetzee – 083 776 6989*
    a. Die doel van die koor is om God te loof en prys met sang.
6. *Klank & Beeld : Francois Venter – 082 229 4411*
    a. Vir baie jare doen Francois getrou die klank en beeld in die kerk.
    b. Daar is geleentheid om 'n bydrae te maak en hom te help met die taak. Enige persoon wat graag sal wil help kan vir Francois kontak.

Laat weet asseblief vir oudl Erik van Driel by 083 287 1047 indien iemand reeds met aktiwiteite besig is of met iets nuuts wil begin of graag wil inskakel en 'n bydrae wil lewer. Saam bou ons aan die koninkryk van God.

KOM HELP ASSEBLIEF!

Die susters van die gemeente word nogmaals uitgenooi om op Saterdag 07 November en DV 14 November 2026 by ***Morganstraat 18*** te help om blomme te vou en servette te stryk vir die Sustersaamtrek. Kom drink saam tee en help vou vanaf 10:00 tot 12:00. Laat weet asseblief vir ***sr Ester*** by 072 784 9451 indien jy wil help.

BYBELSTUDIE

Die maandelikse Sondagmiddag Bybelstudiebyeenkoms word hierdie Sondag om 17:00 in die konsistorie gehou. Almal is baie welkom!

KERKLIKE ADMINISTRASIE

Beroepe bedank:

- Prof AJ (Albert) Coetsee van die TSP na GK Centurion as medeleraar.
- Ds SB (Barend) van der Westhuizen van GK Ermelo na GK Bloemburg.

BELANGRIKE DATUMS IN DIE KWARTAAL

Sondag 15 November	Voorbereidingsdiens Ouderlinge en Diakens vergader afsonderlik
Sondag 22 November	NAGMAAL en Gemeente-ete
Sondag 29 November	Nabetragtingsdiens Kerssangdiens
Woensdag 09 Desember	Skole sluit
Woensdag 16 Desember	Versoeningsdag - Geloftediens om 09:00
Vrydag 25 Desember	Kersdag – Erediens om 09:00

DIAKONIE
HELP MET
VERVOER

Vir enige kerk-verwante geleenthede en indien jy hulp benodig.



Indien jy enige probleme met vervoer ervaar, kontak asb Muller Heyns op 072 469 7778.

KLERE
DONASIES

Enige donasies word verwelkom en kan Sondae by die kerk se voorportaal afgelaai word.



BLOEMFONTEIN NOORD GEREFORMEERDE KERK DIAKONIE
IN SAMEWERKING MET ANCHOR OF HOPE

Enige navrae:
Elize Heyns 082 868 1620

LITURGIE TYDENS EREDIENS

Skriflesing : Ester 6:1-14
Teks : Ester 6:1-14
Sang : Lb 201:1,2,3
: Ps 149:1,2,4
: Ps 130:2,4
: Lb 281:2,3
: Sb 5-4:1,2,5,6

GEDAGTE VIR DIE WEEK

U het die gesmeek van die hulpeloses gehoor, Here.
U gee hulle nuwe moed.
U verhoor hulle gebede.
Psalm 10:17





- **GKV Hulpfonds ABSA Spaar 906 446 3273 Kode 632005**
- **https://pay.yoco.com/gkv-hulpsentrum**

https://www.facebook.com/share/1BhxAtkuJ2/?mibextid=wwXIfr

Baie dankie aan die wonderlike mense wat die Winkel gereeld oopmaak en goedere verkoop. 'n Spesiale dankie aan die lidmate van die GK BFN Noord wat klere en goedere insamel. Die opbrengs van die Winkel word gebruik om die twee Sopkombuise te finansier. Daagliks eet 400 kindertjies by die twee kerke, GK Lyciumville en GK Nozizwe.
Indien jy wil betrokke wees by enige van die Hulpsentrum-projekte, WhatsApp vir Pieter by 0723909019.







Inhoud

November 2026

**JAARGANG 127, NO. 3416,
NOVEMBER 2026**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

Esegiël 47

1 Van die redakteur: Die plaaslike gemeente – Quo Vadis?
2 Ons het geweet – maar het ons omgekeer?
5 Godgegewe Oop Deure
6 Net aangaan as ons saam met God gaan!
8 Die noodsaaklikheid van vrede ... vir opbou en groei in die kerk(verband)
10 Die Reformed Church D'Kar in Botswana (2)
12 Gereformeerde Kerke van die Oos-Kaap
14 Teologiese opleiding en deurleefde Godsvrug
16 Om predikante toe te rus om ander te leer
18 Ons kan help: Brugbediening en Gesonde Gemeentes
20 As 'n gemeente sy roeping verloor
22 Wanneer God anders werk as wat ons verwag
24 *Die Kerkblad* gesels met ... dr. Dirk Hermann
27 Afri-Duetfees in die Staatsteater
Korrespondensie
28 In dankbare herinnering: André Grové ons vooruit, die wenpaal verby
29 Griet se Storie: Koos se eerste Sondag in die kerk
31 GKSA-gesprek met NG en NH Kerke
35 Die trek na Argentinië (slot):

GK BLOEMPARK

Kerssangdiens

Kom luister, kom sing, kom eer God in dankbaarheid
*vir ons **grootste Kersgeskenk***

Sondag 22 November 2026
18:00



saam met
Du Preez &
Jana Stoltz

NA DIE EREDIENS
Heerlike vrugteslaai en roomys

Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Suid

GEREFORMEERDE KERK
BLOEMFONTEIN-SUID
75STE BESTAANSJAAR


Jubeltfees

'N VIERING VAN GOD SE GENADE DEUR MUSIEK

Die Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Suid nooi u hartlik uit na 'n besonderse orreluitvoering deur die wêreldberoemde Suid-Afrikaanse orrelis en pianis
Dr. Johan Cromhout

Dr. Cromhout se uitvoering beloof om 'n aand van meesterlike musiek, indrukwekkende klanke en 'n besonderse atmosfeer te wees.

Hierdie is meer as net 'n konsert — dit is 'n viering van 75 jaar van God se genade met musiek wat die geleentheid waardig is.



📅 **Datum:** Donderdag 19 November 2026
🕐 **Tyd:** 19:00
📍 **Plek:** Gereformeerde Kerk Bloemfontein-Suid
🎟️ **Toegang:** GRATIS ('n Sagte kollekte sal by die deure)

Bring u familie. Nooi u vriende.
Kom beleef die aand saam met ons.